

KOERSVAS

Jaargang 3 Uitgawe 73 9 Oktober 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Krugerdag

Saterdag 10 Oktober sou Paul Kruger se 190e verjaarsdag gewees het. Die huidige bedeling se regering maak niks van hierdie dag nie. Hulle gebruik eerder hulle ontplooië radikale kaders in byvoorbeeld die EFF om stemming te maak teen enige gedagtenis aan hierdie groot vryheidsstryder. Sy standbeelde en borsbeelde is in die radikales en vernielsugtiges se visier.

Om eerlik te wees, teen die einde van die vorige era was dit duidelik dat die Afrikaner se steun vir die viering van Krugerdag aan die afneem was. Daar is nie veel verskil tussen om vernielsugtig 'n nagedagtenis te vernietig of om passief die nagedagtenis te laat taan en verdwyn nie. Eersgenoemde benadering is net meer direk. Die resultaat is dieselfde; die dag, die persoon en sy beginsels gaan die vergetelheid in.

Dit is betreurenswaardig. Paul Kruger het baie gedoen om die Afrikaner tuis te laat kom op hierdie kontinent. Hy het amper 140 jaar gelede reeds verstaan dat ons boorlinge van hierdie kontinent is en daarom gepraat van "Afrika vir die

Afrikaner". Dit is net die dwaas wat nie aan die Afrikaner dink as 'n inheemse volk nie. Hierdie reus van 'n man het ontsag ingeboesem niteenstaande die feit dat hy net drie maande formele opleiding ontvang het. Hy het alles feil gehad vir die onafhanklikheid van sy volksgenote. Hy het hard geveg teen Britse bewind-oorname en oorheersing. Hy was lief vir die ZAR en sy volk, maar kon nie die moed bymekaar skraap om na die tweede Anglo-Boere oorlog terug te kom na Afrika toe nie. *Gebore onder de Engelsche vlag, wens ik niet daaronder sterven.* ~ Paul Kruger te Clarens, Switzerland in 1904 net voor sy dood.

Kruger was 'n toegewyde Christen wat groot waarde geheg het aan die volle Evangelie. 'n Kostelike juweeltjie vertel dat Kruger aan elke kerkgenootskap 'n akker geskenk het. Toe die Jode ook vir grond vra, het hy besluit om 'n halwe akker aan hulle te gee omdat hulle in die helfte van die Bybel glo. Sy erns met die Bybel as bepalend in sy menswees en sy leiding moet dien as voorbeeld.

Krugerdag is, soos al ons volksdae, nie meer op die land se kalender nie. Nie eens Geloftedag word aangedui nie. Wat ons

ken as versoeningsdag, is die ANC se manipulerings van dié dag waarop 'n gelofte ('n belofte aan die Here) afgelê is.

Ons moet ophou skaam kry vir ons verlede. 'n Goeie toekoms is deels gebou op die verlede eer.

Ons het groot helde gehad in ons kort verlede.

Die verantwoordelikheid om ons volkshelde se daad en voorbeeld lewend te hou, het nou onteenseglik ons eie verantwoordelikheid geword. Dit gaan ons kos aan geld, tyd, emosionele energie en volharding. Ons sal verguis word, ongelukkig ook deur ons eie mense. Ons moet die trots in ons eie volkwees behou. Ons het ons eie kraal en ons is tuis daar. *Broeder, jy is my bondgenoot: moet nou nie die wit olifant wees om my in die Engelse kraal te lei nie.*~

Paul Kruger

BERIGTE

Bondsvergadering

In hierdie uitgawe gaan ons voort met berig oor sake van belang soos bespreek en besluit by die Bondsvergadering.

Die Mediakomitee se verslag het sekere sake uitgelig:

Lewensbrood

Gedurende die verslagjaar is verskeie projekte aangepak en is daar met genoegdoening uitgesien en later teruggekyk na die publiserings van die Lewensbrood vir 2015. Yvette Otto en haar span het hierdie taak aangepak en kan ons met trots noem dat die publikasies syfers elke jaar aansienlik verhoog.

Sosiale netwerke

Op die vlak van die Bakkiesblad (Facebook) het Annatjie Sandrock en vele ander medewerkers toesig gehou oor die

plasings en kommentaar op beide die steedsHervormers en Geloofsbondblaaie. Annatjie Sandrock plaas daagliks ook die dagstukkies uit die Lewensbrood op die verskillende profile van die Bond en Bondsgemeentes.

Die blad van die Steedshervormers word steeds besoek en onderhou, maar die hoofokus het verskuif na die blad van die Geloofsbond van Hervormde gemeentes. Daar is steeds 'n groei in inskrywings op die blad en dit bly 'n goeie vorm van kommunikasie.

Webblaaie

Die werk aan die verskillende Webblaaie sowel as e-pos verspreidingslyste van die Bond is deur ouderling Jaco de Ridder gedoen. Die werk aan die verskillende Webblaaie sowel as e-pos verspreidingslyste van die Bond is ook deur ouderling Jaco de Ridder gedoen. Onder sy leiding het die Mediakomitee die amptelike eienaarskap van die domein name na die GHG oorgeda. Die webblaaie is oorgeda na 'n nuwe internasionale diensverskaffer (GoDaddy) en hierdie rekening is in die GHG se naam as regpersoon geopen. Die amptelike **domein naam** van die GHG webblad is **www.geloofsbond.org.za**. Die steedsHervormers webblad word as verwysings-argief bewaar, maar word nie aktief bygewerk nie.

GHG gemeentes kan by die Mediakomitee aansoek doen vir **gratis domein-gekoppelde** webblaaie en e-pos adresse in die amptelike domein (bv. <http://meyerspark.geloofsbond.org.za> en meyespark@geloofsbond.co.za).

Weeklikse audio-preke vanuit Premiermyn en Meyerspark gemeentes word op die GHG webblad geplaas. Voorts is weeklikse

video-preke van Premiermyn beskikbaar op die webblad as YouTube videos.

Ouderling de Ridder is ook tans besig met die registrasie van die GHG by Microsoft en SANGOTeCH as nie-winsgewende organisasie (NPO). Hiermee kan daar aan gemeentes en bestuur feitlik onbeperkte sekuur **aanlyn bergingspasië** beskikbaar gestel word (1TB per gemeente). Gemeentes in die GHG kan voorts verskeie sagteware pakette teen 'n geringe administrasiefooi bekom (bv nuutste weergawes van MS Windows gebruikersstelsel en MS Office Pro).

Koersvas en Die Skietlood

Koersvas en Die Skietlood word 2-weekliks uitgegee en is meermale die hoofbron van inligting aan die gemeentes en lidmate van die Geloofsbond. Hierdie publikasie het reeds geliefd geword onder ons lidmate en word wyd gelees.

Geloofsbond-publikasies, Koersvas en Skietlood is ook in elektroniese formaat beskikbaar op die amptelike webtuiste – **www.geloofsbond.org.za**

KOERS in Leer en lewenskwesties

Die “KOERS in leer en lewenskwestie” publikasie word met vergunning van die uitgewer - die HCM Fourie-Vriendekring – per e-pos versprei en ook is beskikbaar by **www.gvhg.co.za**.

Bestuur

Die word volgende persone is herverkies tot die afhandeling van administratiewe aangeleenthede - sowel as die hofsake:

Dr J Otto - Voorsitter

Dr JMG Storm – Vise-voorsitter

Ds FNS Marais - Skriba

Dr MA Botma - Penningmeester

Die dagbestuur wys 'n nuwe sekretaris aan om in samewerking met die huidige sekretaris die komende Bondsvergadering

se Agenda saam te stel. Die nuwe sekretaris sal dan minstens tot die volgende Bondsvergadering (2017) dien.

Rustenburg beroep

Rustenburg gemeente het vir ds Dirk van Rooyen van Krugersdorp gemeente beroep. Ds Johan van Wyk sal steeds by die gemeente betrokke wees. Die voorwaardes van bediening is in die kontrakte wat aan die twee predikante aangebied is. Beide partye moet instem tot die kontrakvoorwaardes.

KENNISGEWINGS

1. Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.
- Premiermyn bied vir slegs R100 inskrywingsgeld 'n kompetisie met as eerste prys 'n week vir 12 mense te Marloth park, op die rivier. Daar is ook groot tweede en derde pryse. Belangstellendes kan skakel met **Hans Esterhuizen by 084 581 2905**.
- Premiermyn hou einde Oktober hulle gevestigde jaarlikse Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan betyds met Alta skakel by 082 682 1252.

• **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
- Verlofregister R24-75 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk
- Dames Kwitansie R14-45 elk

- Konsistorie R22-35 elk
 - Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk
- ella@teamworkprinters.com

2. Geloofsbond Eredienste :

www.geloofsbond.co.za Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en



gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas. <http://www.geloofsbond.org.za/>

3. GELOOFSBONDKWILT

Die koning/ koninginggrootte kwilt is saamgestel uit blokke wat deur verskillende Bondsgemeentes se dames ingestuur is. Die wenlootjie word DV die eerste Sondag van Desember getrek. Dus, wat 'n pragtige Kersgeskenk vir iemand. Die fondse gaan aangewend word vir die opleiding van verdienstelike Geloofsbond teologie studente.

Lootjievorms is beskikbaar by Ella teen R20 elk of R100 vir 6. Lootjielyste is beskikbaar by alle Geloofsbond Hervormde gemeentes. Gemeentes kan ook met Ella skakel om nog lootjielyste te kry. Kontak haar gerus by

ella@teamworkprinters.com

Lootjies

beskikbaar tot einde November 2015.

**MAAK 'N DONASIE VAN R100-00
EN STAAN 'N KANS OM EEN VAN DIE
VOLGENDE PRYSE TE WEN**

**1ste Prys: Week se verblyf met luukse
akkommodasie te Marloth Park teenaan die rivier.
Slaap 12. Daaglikse skoonmaak ingesluit.**

2de Prys: R1500-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis

3de Prys: R1000-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis



Trekking: 29 November 2015
Pryse kan nie vir kontant
omgeruil word nie.

Kontak Hans Esterhuizen
vir verdere besonderhede by 084 581 2905